## Die Essensie van Neo-Spektrum:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

## KONTAKBESONDERHEDE

Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** riaan.neethling@gmail.com

**ACIM: Stad 14 November 19h30**
**ACIM: Kolping 1 Desember 19h30**
**— Nuusbrief ASSEBLIEF —**

**Boekgroep**
**Maandag 5 Desember 19h00**
lydia@africagrowth.com
**Marseille 15, Pinehurst**

## BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

_______________________________________________

E-Mail_______________________ Sel_______________

## ADRES: 7 BICCARD STR. DURBANVILLE

Vanaf N1 — Durbanweg/Willie van Schoor afrit, reguit ± 8km tot by sirkel,
uit in Koebergweg, tweede straat regs is:

**Maak vir ons 'n Maandelikse Bydrae asseblief**

**Bankrekening vir bydraes**
**ABSA: Neo-Spektrum**
Takkode: **632005**
Rekening: **4083481065**
*Vorms is ook beskikbaar indien jy 'n **debietorder** wil teken*

**SnapScan**
Download APP vir jou foon. Installeer en gebruik met veiligheid.



# Neo-Spektrum

## 20 November 2016

## DIE REIS NA BINNE

## GROWING INTO YOUR SOUL

# STILTE IN DIE KAPEL

~ Answer — Sarah McLachlan ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Ek is alleen - alleen in my hartseer
alleen in my verdriet – alleen in my nag
alleen in my boom – alleen in my huis
alleen in my droom – alleen in my soek
na mense, na suiwerheid, na God.
Jy is alleen – alleen in jou eensaamheid
jy roep na die winter – jy roep na die reën
jy roep na die wind – jy roep na die uile
jy roep na die vreugde – jy roep na die son
jy roep na die lewe
na mense, na suiwerheid, na God.
Die mens is alleen – alleen in sy eensaamheid
ek en jy huil - ek en jy roep
ek en jy skree - ek en jy bid
ek en jy breek - ek en jy verlang
na mense, na suiwerheid, na God.
*(Fughetta vir drie stemme– Antjie Krog)*

# STILTE EN AANBIDDING

## Lees: Jakobus 1:5-8

*"As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt. Maar 'n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word. So 'n mens wat altyd aan die twyfel is en onbestendig is in al sy doen en late ..."*

***"Being a double-minded man, unstable in all his ways"*** *in Grieks is die woord 'di-psigos' — two hearted, dual lives, double spirit, double-minded ... in Hebreeuse is dit 'ce-eph' — ambivalent, verdeeldheid, halfhartig ... waarna Elia verwys in 1 Konings 18:21 as hy vra, "Hoe lank hou julle aan met hink op twee gedagtes? As die Here God is, volg Hóm; maar as dit Baäl is, volg hóm." Ook Jesaja verwys daarna as hy sê, "These people come near to me with their mouth and honour me with their lips, but their hearts are far from me. Their worship of me is made up only of rules taught by men." (Jesaja 29:13)*

=================================================================

## Integriteit: die stem van getrouheid

**'Growing into your Soul' beteken om in die waarheid te groei —**

- *Die waarheid van myself teenoor myself*
- *Die waarheid van myself teenoor jou*
- *Die waarheid van jou teenoor myself*
- *Die waarheid van jou teenoor 'n ander*
- *Die waarheid oral en altyd*

ἀλήθεια — aletheia
Authentic and true to yourself in order to live in truth to your Self ...

## Integriteit: die stem van geloofwaardigheid

**OPREGTHEID**: die onderklere van ***sincerity & honesty*** (bona fides)
**BETROUBAARHEID**: die kleding van ***discipline, devotion, dedication***
**INTEGRITEIT**: die skoene van ***unity & integrated*** (voete op die grond)

=================================================================

*"Somebody once said that in looking for people to hire, you look for three qualities: integrity, intelligence, and energy. And if you don't have the first, the other two will kill you."* — Warren Buffet



# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING



~ Ode to Simplicity — Secret Garden ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

### MIGA 6:8

הִגִּיד לְךָ אָדָם מַה־טּוֹב
וּמָה־יְהוָה דּוֹרֵשׁ מִמְּךָ
כִּי אִם־עֲשׂוֹת מִשְׁפָּט
וְאַהֲבַת חֶסֶד
וְהַצְנֵעַ לֶכֶת עִם־אֱלֹהֶיךָ׃

*Hy het vir jou gesê wat is goed*
*en wat vra die Here van jou*
*soos om te doen wat regverdig is*
*en om vriendelikheid (welwillendheid) lief te hê*
*en om nederig te wandel met jou God*

---

## Be the Awareness of the Presence of God

~ Amen (Feat: Aquilo) — Enigma ~